# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE
REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVII | MARCH 2024 | No. 09


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

PSALM 31:18-25

18. Here, laat my nie teleurgestel staan in my verwagting as ek U aanroep nie. Laat die goddelose teleurgestel staan in hulle verwagting, laat hulle die stilte van die doderyk ingaan.
19. Bring die leuenaars tot swye, dié wat vol is van hulleself en in hoogmoed en veragting teen die regverdige praat.
20. Hoe groot is u goedheid: dit is altyd daar vir dié wat U dien, U bewys dit voor die oë van die mense aan dié wat by U skuil.
21. Deur u teenwoordigheid beskerm U hulle teen die sameswering van mense. U steek hulle weg vir dié wat vir hulle beskuldig.
22. Aan die Here kom die lof toe, want Hy het sy trou op wonderbaarlike wyse aan my betoon toe ek beleër was.
23. Ek het in my angs gedink: Dit is klaar met my, selfs U het my verwerp. Tog, U het geluister na my gesmeek toe ek na U om hulp geroep het.
24. Betuig julle liefde vir Hom, julle almal wat die guns van die Here geniet. Die Here beskerm dié wat aan Hom getrou is, maar dié wat teen Hom opstandig is, straf Hy swaar.
25. Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertroue in die Here stel.

# ONSEKER TYE MET DIE SEKERHEID VAN GOD!

*Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



**U is die God wat wonderdade doen; U het u mag onder die volke geopenbaar.**
- Psalm 77:15.

Gegroet in die Naam van Jesus Christus!

Dit is weer eens 'n groot vreugde om met jou te gesels deur hierdie artikel. Ons het reeds 2 maande van 2024 deur geleef. Dit voel asof die tyd so vinnig verbyvlieg! Psalm 77 verklaar dat die God in wie ons glo 'n God is wat wonders doen, en Hy geniet dit om sy krag te vertoon onder sy mense. Hy wag gretig om die onmoontlike te doen en kry groot plesier in ons vaste vertroue in Hom tydens hierdie reis.

Ons lewensreis is vol talle onverwagte draaie en kronkels, byna soos spoedwalle, blinde hoogtes, draaie, skielike holtes, en nog meer, wat dit baie onseker maak. Koers hou deur hierdie onbekende paaie, vol konstante veranderings, is nogal 'n gewigtige uitdaging.

*....verv. op.bls. 3*




Echo of His Call

*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...





**"Geloof sy God die Here, die God van Israel. Dit is net Hy wat magtige dade doen!"**
**- Psalm 72:18.**

### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

Geliefdes in die Here,

Ons groet julle in die onvergelyklike Naam van ons Here Jesus Christus.



*Watch Night New Year Service*



*Past. P. Arokiadas en Senior Pastoor*

Die Here het ons bedienings wonderlik gelei in die laaste paar maande. Hy het baie mense wat ver weg is ontmoet deur sy liefdevolle boodskappe deur ons You Tubekanaal en deur ons **Echo of His Call** maandelikse tydskrif. Hy het ons "Watch Night New Year Service" geseën wat gehou was om 31 Desember 2023, op 'n besondere manier.

Pastoor P. Arokiadas, wat in **Nehemia Bybelkollege** gestudeer het, is nou in Valasaravakkam. Hy het na ons hoof administratiewe kantoor




*Br. Suresh Tigre en sy seun Avinash Tigre en Senior Pastoor*

Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

gekom en sy kragtige getuienis met ons gedeel. Hy het 'n nuwe bediening daar begin.

Br. Suresh Tirge en sy seun Avinash Tirge van die Staat Chattisgarh het na ons Hoof Kerk gekom saam met sy familie. Hy het die Naam van ons Here Jesus Christus verheerlik toe hy geseën was terwyl hy ons **Echo of His Call** in Hindi gelees het.



*Een Dag Toewyding gehou by Mahabalipuram*

Bid asseblief vir ons frontlinie medewerkers van die Here terwyl hulle dien in veelsoortige aksies van ons Hoof Kerk.

Die Here het die eendag afsondering geseën wat gehou is by Mahabalipuram vir 60 mense, insluitend ons **Nehemia Bybelkollege** studente en Hoof Kerk se jeug op 26.01.2024.

Die Here het ons gehelp om 'n langtermyn plan te ontwikkel vir ons Inwonende Hindi **Nehemia Bybelkollege** studente en om die Evangelie te bring na die migrerende werknemers van Noord Indië met geliefde broer en regsgeleerde Dharmaraj, Pastoor Franklin en Pastoor



Devadas wat hulself onlangs toegewy het aan die Noord Indië-bediening.

Bid asseblief vir al die bedienings en bedienaars van God in die **Echo of His Call** bedienings. Mag die genade van God met julle almal wees. Amen.

Julle dienaars in Christus Jesus,

**PS. ALEX SAMSON SAM**
**PS. S. SAM SELVA RAJ**

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls. 1*

Wanneer ek bestuur vertrou ek op navigasie, eerstens om te verseker ek gaan my bestemming bereik sonder om te verdwaal, en belangriker nog, om te weet hoe die pad vorentoe lyk. Ek bly in 'n bergagtige gebied wat beteken daar is baie op en af. Hulpmiddels soos Google Maps help my om veilig te kan ry want dit gee 'n beeld van die pad vorentoe. Byvoorbeeld, ek verwag draaie en steek nie verby nie, wag vir reguit dele om verby te

**Statement about ownership and other particulars about the Newspaper Echo of His Call (Afrikan) - Form IV (See Rule 8)**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Place of Publication | : | **New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai - 600 005.** |
| 2. Periodicity | : | **Monthly** |
| 3. Printer, Editor, Owner & Publisher | : | **S. Sam Selva Raj** (Same Address) |
| 4. Nationality | : | **Indian** |

I, **S. Sam Selva Raj** hereby declare that the particulars given above are true to the best of my knowledge and belief.

**March 2024** **S. Sam Selva Raj.**

steek, stadiger ry by blinde omgewings en versigtig ry op onbekende paaie. Met GPS is ek meer voorbereid vir die onsekerhede van die pad. Dikwels al gewens die lewe kom ook met GPS! Dit sal nogal help om die einde te sien wanneer jy begin.

Ek weet nie van jou nie, maar ek verkies om die einde te sien voordat ek enigiets begin. Om nie te weet waar ek gaan uitkom nie, maak dit moeilik vir my om te werk. Ek neig om eers aan die resultaat te dink en dan terug te werk. Maar die lewe werk nie so nie. Daar is altyd onverwagte uitdagings wanneer jy dit die minste wil hê. 'n Skielike sterfte van 'n geliefde, werk-verandering, geldelike lastighede, of onverwagte storms in verhoudings is 'n paar voorbeelde van dinge wat jy jou nooit kon verbeel nie.

Hoe hanteer ons sulke onsekerhede? Ek dink aan 'n egpaar wat 27 jaar getroud was, drie pragtige kinders, bekend as 'n verstandige en omgee egpaar. Skielik hoor ek hulle gaan uit mekaar. Skokkend. Toe ek die vrou daaroor vra, sê sy: "Dit was totaal onverwags. Ek het nooit gedink dit sal in my lewe gebeur nie."

Dit is moeilik en pynlik, maar die waarheid bly dieselfde. In al hierdie situasies is een ding seker: God is getrou! Midde in die vrees, pyn, lyding, mislukkings, neerlae, blydskap, vreugde, ... God is getrou.

Die Bybel sê in Psalm 77:15, **U is die God wat wonderdade doen; U het u mag onder die volke geopenbaar.** Dit is so in elke omstandigheid.

As enkeling en as 'n Kerk wil ons weet wat die Here gaan doen in ons Kerk en ons gesinne in hierdie onseker tye.

Bo alles is die groot vraag: "Waar is God in al hierdie omstandighede?" Dit is die mees algemene en vrees gelaaide vraag.

Die Bybel leer dat Hy wonderlike dinge doen wanneer mense gestrand is, nie weet waar of hoe om te gaan nie, onseker oor hoe hulle toekoms lyk. Onseker tye! Ek weet nie hoeveel van ons deur sulke onseker tye gaan nie. Sal my lewe ooit verander? Maar selfs wanneer jy uitdagende tye ervaar is God nog steeds op die troon. Hy regeer nog steeds. Hy laat sommige gebeure in die lewe toe sodat ons na Hom sal kyk, en Hy sal vereer word deur daardie gebeure.

Die lewe van die Israeliete is 'n goeie voorbeeld. Hulle het vir 400 jaar gebid vir bevryding uit die slawerny. Uiteindelik het die Here wonders gedoen en sy mag vertoon onder die Egiptenare. Plae, dood, oopmaak van die Rietsee, verdrinking van die Egiptiese soldate in dieselfde see wat Israel na veiligheid gelei het. Al 10 plae het die mag van God vir die Egiptenare vertoon. God kon hulle met een veeg verwyder het, maar Hy wou nie net dat die Egiptenare moes weet wie hierdie Jahweh is nie, maar ook die Israeliete! Wat se God is Hy! Hoe magtig is Hy, Hy wat die toets van die tye deurstaan! En so kan ons in 2024 nog steeds daaroor praat!

## Hoe hanteer ons onseker tye?

In onseker tye ervaar ons verskillende gevoelens: Verwarring, twyfel, vrae, vrees, angs, blameer ander vir die omstandighede, woede, frustrasie, ergernis, bitterheid, teleurstelling, ontmoediging, hartseer,

*....verv. op.bls. 6*

**NEHEMIA RESIDENSIëLE/AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

Medium : Hindi / Tamil

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar**

**Certificate in Ministry**
**Diploma in Theology**

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**
**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 Maart 19 Tot April 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Maart 19** ➲ Seën oor ons **BYBELKOR** en **Teologiese Korrespondensie Kursusse**.

**Maart 20** ➲ Sy seën op ons EEN DAG AFSONDERING by Mahabalipuram vir ons **Nehemia Bybelkollege** studente en die Hoof Kerk se Jeug gehou op 26 Januarie.

**Maart 21** ➲ Sy beskerming van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

**Maart 22** ➲ Sy seën op ons toewyding aan die Tydskrifbediening sedert 1969.

**Maart 23** ➲ Ons Senior Pastoor se toewyding om die evangelie te versprei deur verskeie bedienings.

**Maart 24** ➲ Sy seën op ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Maart 25** ➲ Sy seën om nuwe gelowiges te salf in ons gemeente.

**Maart 26** ➲ Sy seën op ons **Nehemia Bybelkolleges**.

**Maart 27** ➲ Sy seën oor al ons Mede-redakteurs en hul gesinslede.

**Maart 28** ➲ Sy seën oor ons **Global vision for Youth and Kid Care** bediening.

**Maart 29** ➲ Sy seën op ons **St. Paul Matrikulasieskool** vir meer toegewyde Christen onderwysers en hoof.

**Maart 30** ➲ Die groot toewyding van die Sendingwerkers.

**Maart 31** ➲ Sy seën oor ons Regerings-koördineerders en hul gesinne.

**April 01** ➲ Sy voorsiening in al ons behoeftes in die laaste maand.

**April 02** ➲ Die groei van ons Christelike bedienings midde in die politieke en godsdienstige teenkanting.

**April 03** ➲ Goddelike beskerming van alle lande in die chaos en vrees van oorlog.

### Bid asseblief vir ...

**April 04** ➲ Dat God vir ons baie meer visies sal gee om sy Koninkryk op aarde te bou.

**April 05** ➲ Vir beskerming teen viruskoors en nuwe aansteeklike siektes.

**April 06** ➲ Vir die uitbreiding van ons bedienings op alle moontlike maniere en mates.

**April 07** ➲ Vir Presidente, Eerste Ministers en alle Regeringsgesagdraers van die wêreld.

**April 08** ➲ Vir ons ondersteuners, meelewendes en vriende wat ons bedienings steun deur gebed en geldelike ondersteuning.

**April 09** ➲ Vir ons Mede-redakteurs en hul gesinslede.

**April 10** ➲ Dat die jeug en kinders van die wêreld Jesus Christus sal aanneem as hul persoonlike Verlosser.

**April 11** ➲ Dat alle lande eenheid en groei sal beleef in alle aspekte en beplanning.

**April 12** ➲ Vir sy genade oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**April 13** ➲ Vir die opdatering van die sagteware van Nehemia Bybelkollege se biblioteekboeke in KOHA.

**April 14** ➲ Vir die behoeftes van alle mense in die wêreld.

**April 15** ➲ Dat die Here ons geldelike behoeftes van ons bedienings sal voorsien.

**April 16** ➲ Dat die ekonomiese resessie wat oor die wêreld hang tot 'n einde sal kom.

**April 17** ➲ Vir God se genade om weer 'n keer oor die mense te stort.

**April 18** ➲ Vir die veiligheid van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle bose magte.

*verv. v. bls.4*

eensaamheid, kommer, eindelose angstigheid! So, moet ons AFSKAKEL of "CONTROLE-ALT-DELETE" en voorgee niks gaan gebeur nie en laat kom wat wil?

Wat moet ons doen in sulke tye?

**1. Hou vas aan God se belofte! Want Hy ken ons toekoms!!**

Gee jou onbekende toekoms in die hande van God wat weet. Met ander woorde: Hou vas aan God. Dit is krities om te bid voor jy iets begin of beplan, om leiding van Hom te vra eerder as van enige mens. Soek bevestiging uit die Woord van God voor jy iets nuuts begin.

In onseker tye het God se mense die belofte van God om aan vas te hou, om dit op te eis en daarin te hoop. Waar is jou hoop vandag? Wie is jou hoop? Is dit in jou salaristjek, werksekerheid? As ons ons werk môre verloor, kan ons steeds uitroep: "EK KOM NIKS KORT NIE; MY GOD SAL IN AL MY NOOD VOORSIEN, DIE GOEDHEID VAN GOD SAL MY VERSADIG"?

Soek die teenwoordigheid van die getroue God in onseker tyd en vra Hom, want Hy ken ons toekoms, ons môres, ons gisters. Hou vas aan Hom en sy woorde.

God vra vir Moses in Eksodus 4:2 – **"Wat is in jou hand?" En hy antwoord: "'n Kierie."** Die wonder het gebeur toe Moses gekies het om sy ou hout kierie in God se hand te sit; dit het "God se kierie" geword. Sien die krag van die kierie toe dit verander is in God se kierie!

In Eksodus 17:9 sê Moses vir Josua: **"Kies vir ons manskappe en gaan veg môre teen die Amalekiete. Dan sal ek op die top van die heuwel gaan staan met die kierie wat God my gegee het, in my hand."** Met God se kierie kon hulle die geveg aandurf.

In Moses se lewe sien ons 'n onwillige deelnemer wat verskonings gemaak het en onwillig was om terug te gaan Egipte toe. Onseker tye het vrae opgerakel oor die welstand van sy gesin, sy onbetrokkenheid by die leierskap, die vaardighede wat hy as prins bekom het, sy onvermoë om gemaklik te kon praat met die farao, en die vrees om terug te gaan na waar hy nie deur sy eie mense erken sou word nie.

Maar ten spyte van sy twyfel en vrese het sy kierie in sy hand iets besonders geword toe hy dit vir God gee en kon Hy wonders doen en sy krag vertoon.

Is jy gewillig om wat in jou hand is vandag vir God te gee sodat Hy dit kan gebruik om wonders te doen? Gee vir Hom jou vrese, kommer, vrae, verwarring, twyfel, angs, blamering van ander vir die huidige omstandigheid, woede, frustrasie en wat ook al negatiewe emosies.

LAAT DIT DIE KIERIE VAN GOD WORD!

**2. Omring jouself met godde like mense sodat hulle saam met jou kan stap!**

Dit is een van die redes waarom ons 'n Kerk en Kerklike familie het. Wanneer jy deur 'n onseker tyd in jou lewe gaan, laat goddelike mense saam met jou stap, jou versterk, saam met jou bid, jou ophou in jou alleen wandel. Ons moet verhoudings groei met mense wat saam kan stap en bid en geestelike berading kan gee.

Kies vandag iemand met wie jy gereeld saam kan bid! Kies iemand wat jou kan seën met geestelike vaardighede, of kies iemand vir wie jy 'n geestelike seën kan wees met jou ervaring en vaardighede. Nog beter as jy beide kan doen.

Daar kan 'n tydperk in Daniël se lewe wees – onsekerheid as 'n tiener, weg van sy gesin, vriende, geboorteplek, familie, vryheid, op pad na 'n vreemde land

## Nehemia Bybelkollege

## Gradeplegtigheid, 2023-2024



**Plek : BKN Hall, Vepery, Chennai – 07.**
**Datum : 1ste Junie, 2024 (Saterdag)**
**Tyd : 5.00 P.M.**



Omtrent 50 studente sal hul studies voltooi en na die sendingveld gestuur word.

Ons benodig 75 studente vir die Tamil en Hindi kursusse vir die 2024-2025 akademiese jaar. Bid asseblief vir hierdie saak.

as 'n oorlogslaaf (onwillige deelnemer).

Hy ondervind God se guns in die eerste hoofstuk – alles lyk goed tot in die tweede hoofstuk toe hy skielik voor 'n ernstige verknorsing beland.

**Die koning het 'n droom gehad wat hom so ontstel het dat hy nie kon slaap nie.** (Daniël 2:1).

Vers 12: **Toe het die koning woedend geword en opdrag gegee om al die koninklike raadgewers van Babel om die lewe te bring.** Alles het goed gegaan, maar skielik kon hy sy werk verloor, sy bekendheid, verantwoordelikheid, en alles wat hy kon opmerk. Alles waarvoor hy so hard gewerk het is nou waardeloos.

Wat doen hy toe? Daniël was in 'n ysige onseker tyd. Wat doen hy nou? Vers 17 en 18 sê: **Daniël het vir sy vriende vertel wat aan die gang is en hulle gevra om die God van die hemel om genade te smeek, hy het hom omring met mense van dieselfde geloof wat saam kon stap en kon verstaan waardeur hy moes gaan.** Hulle het gebid, en ons weet wat gebeur het. God het sy toekomsplanne vir hulle bekendgemaak.

Groot is ons God. So, omring jouself met goddelike mense.

### 3.Bedaar en erken dat Ek God is! - Psalm 46:11.

'n Gevoel van onsekerheid kan daartoe lei dat die voorkant van jou brein wil "afsluit" en jou vermoë inperk om probleme op te los, aandag te behou en buigsaam te wees. Dit verhoog jou kanse om in redelose gedrag te verval en jou meer angstig en depressief en vol spanning te maak.

*....verv. op.bls. 9*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957,** CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST,**
**JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## EK SAL JOU DIE GROND GEE WAAROP JY TRAP!

## Ek gee aan julle elke plek waar julle kom ... (Josua 1:3)

Dit was die jaar 1973! Dit was somer, warm seisoen – April/Mei! 'n Drie dae Afsondering was gereël vir die jong mans en vrouens by Corley Hoërskool, Tambaram, Chennai. Br. R. Stanley, stigter van 'Blessing youth mission', 'n herlewingsgroep vir jong mans, het kragtige en uitdagende boodskappe gepreek. Hy was 'n groot leier in die Christelike bediening, tot vandag toe.

Ek het ook deelgeneem aan die byeenkomste. Ek was 23 jaar oud en het reeds God se werk gedoen in my Regeringsposisie. Ek het 'n uitdagende ervaring in my lewe ontvang.

Die Drie Dae Afsondering was verby op die derde dag na middagete. Elkeen was haastig huis toe met die bus of trein.

Maar weens die beweging van die Heilige Gees kon ek nie die plek verlaat nie, het net daar by die hek van Corley Hoërskool gestaan, vir byna 'n uur. Elke woord wat Br. R. Stanley, die dienaar van God, gepraat het, het voor my geestesoog gekom.

Die Heilige Gees het met my gepraat in sy sagte stem. Daarom kon ek nie gaan na die plek waar ek gebly het nie. Maar, ek is toe gelei om te loop op die Tambaram–Velachery Hoofpad in Chennai, op daardie warm, sonnige dag. Die jong mans en vroue wat saam met was by die byeenkoms het gedink ek loop omdat ek nie geld gehad het vir 'n bus- of treinkaartjie nie. Hulle het hartseer na my gekyk deur hul voertuie se vensters.

Maar dit het my nie ontstel nie. Ek het geloop en evangelie-traktate uitgedeel aan die mense wat op my pad was en wat in die huise weerskante gebly het. Ek het meer as 12 kilometer geloop daardie dag. Ek was honger, dors, en die band van my sandale het gebreek. Voetgangers het met groot deernis en simpatie na my gekyk waar ek as jong seun in die warm son geloop en met boeke en stukkende sandale in sy hande. Toe ek die plek bereik wat Velachery genoem is, was al die traktate by my al uitgedeel. Meer nog, teen daardie tyd was daar min beweging van mense.

Dit het gevoel asof die hemel oop was en twee oë uit die hemel en menige ander oë my dopgehou het in my moeilike situasie. Ek was fisies moeg maar sterk in my gees. Ek het my plek in Chepauk, Chennai die nag bereik.

Dae het verbygegaan, ook jare. Die Here het vir my verskeie geestelike mense gegee uit al daardie gebiede waar ek daardie dag geloop het. Hy het diep verhoudings gegee met die gesin van Br. Durai en sy vrou, suster Fennela en al die Advent Mission Church se pastore op die pad. In 1997 het die Here my geseën met 'n Kerk en 'n Engelsmedium Hoërskool (**St. Paul Matrikulasieskool**) in Santhoshapuam waardeur ek geloop het. In Velachery, tot waar ek daardie dag geloop het, het die Here my 'n Kerk laat oprig en ons voltydse Inwonende Hindi **Nehemia Bybelkollege** laat begin. Die Here met 'n man van God gepraat, Br. Edwin, om sy eiendom te skenk aan my bediening, sodat ek dit kon gebruik vir die Kerk en die **Nehemia Bybelkollege.**

Hierdie twee bedienings is nou soos twee oë van ons **Echo of His Call Bedienings.**

Die Here het my gelei om die inspirasie van die Heilige Gees te volg en gehelp om deur daardie moeilike ervarings te gaan. Die pad was rof, maar die einde was 'n groot oorwinning.

Geliefde broers en susters, het jy al ooit die Here met jou hoor praat soos hierdie? Het jy ooit dadelik gehoorsaam? Het hy ooit gewerk volgens God se aanwysings? Of, in plaas van die bediening doen wat God gegee het, was jy soos Jona, besig met 'n ander bediening wat vir jou plesier verskaf het, en tevredenheid en beskerming? Is jy een onder baie mense wat bedien volgens hulle gerief en dink dit is God se wil?

Die Here wat vir Josua beloof het Hy sal vir hom die grond gee waar sy voet op trap, het sy belofte gehou (Josua 14:9). Hy sal dieselfde vir jou ook doen. Die Here wat jou geroep het is getrou!

Gehoorsaam Hom en doen sy wil. Kom vorentoe en vat hierdie Lewende God na die wêreld toe. Vir seker is daar oorwinning!

*******

*verv. v. bls.7*

Daarom is dit belangrik om te fokus op wat saak maak deur jou hart te konsentreer op God se waarhede.

Stil-wees is 'n dissipline wat aanhoudende en bewustelike oefening vra. Die stil-wees aksie verskerp ons sintuie en maak ons meer bewus van God se teenwoordigheid in ons huidige omstandighede (die onbekende).

Wanneer ons verward is, moet ons opkyk na die berge waarvandaan ons hulp kom, die Skepper van die hemel en aarde. Hy wat die aarde skud en die see laat bewe, wat die deure oopmaak en toemaak.

Wees stil in die teenwoordigheid van die Here, wat beteken jy gaan en sit in sy teenwoordigheid en praat nie. Moenie vir Hom iets sê nie, wag net tot jy van Hom hoor, die begin en voleinder van jou geloof. **Moenie God se veldslag vat om joune te word nie.**

Wanneer jy in die Here se teenwoordigheid kom:

1) Erken jou beperkings – noem jou gevoel.
2) Gee vir Hom wat jy het – die kierie, en laat dit God se kierie word, God se probleem om op te los.
3) Begin om God se beloftes op te noem – jy moet dit memoriseer as jy dit wil opnoem!
4) **Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.** (Eksodus 14:14).

Liewe Vriende,

Vra vir God om vir jou betroubare mense te wys wat saam met jou kan stap. Vra Hom om jou te leer stil wees in sy teenwoordigheid en van Hom te leer in stilte soos Jesaja in 30:15 – **Julle krag lê in stil wees en vertroue hê.** Onthou, wat ook gebeur en hoe bleek jou situasie mag lyk, vertrou die Almagtige. Hy maak alle krom paaie reguit, want **Hy is 'n God van wonders** (Psalm 77:15).

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief vir Echo of His Call se Poskurusse

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen 'n Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word 'n geestelike dienaar binne 'n paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

Kontak: **Van kleuteronderrig tot Gr.10**

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th MARCH 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## JESUS HET JOU LIEF!

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by S. Sam Selva Raj from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by S. Sam Selva Raj at Echo of His Call Printers, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: S. Sam Selva Raj.